

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
11 Oktober 1981

Onderwerp: Metamorfose
Lees: 2 Korinthiërs 3 verse 1-18
Teks: 2 Korinthiërs 3 vers 18
Sing: Psalm 42 verse 1 en 5
Gesang 177 verse 4 en 5

“’n Jongmens het vir my ’n brief gegee met ’n tragiese inhoud vol hartseer, teleurstelling en bitterheid: ‘Dominee, ek het my maar daarmee versoen dat ek nooit een van die HERE se sterk kinders sal wees nie. Ek bly maar swak. Ek kan nie my sondes oorwin nie. Die oorwinningslewe bly my maar ontwyk.’ Hy het die brief afgesluit met die vraag: ‘Dominee, is daar vir ons swakkes ook ’n plekkie in die Hemel? Is daar vir ons swakkes ook ’n plekkie in God se genade?’

“Hierdie brief en die vrae daarin lê die vinger op ’n algemene fout wat kinders van die HERE maak, naamlik om te dink dat die mens homself wil en kan verander en in eie krag die oorwinning kan behaal. Ons is per slot van rekening almal in ’n sekere mate swak. Vanuit onself kan ons nooit die oorwinningslewe bereik nie. In die Christelike lewe is daar een groot waarheid wat ons goed moet verstaan en besef. Dit is dat ons swak is en in onself nie die krag het om te verander nie.

“Maar Broers en Susters, wat ons nie kan doen nie, kan God wel doen. As ek myself in God se hande stel, kan Hy in my doen wat ek nie kan doen nie. Hy is die Hemelse Pottebakker. Niemand is vir Hom te stukkend nie.

“Ons teksvers handel juis oor die verandering en vernuwing van die mens en oor ’n heerlike oorwinningslewe vir God se kinders. Dit handel ook oor die feit dat hierdie verandering deur die Heilige Gees in ’n mens bewerkstellig word en dat dit daarom deur al die kinders van die HERE bereikbaar is. Dit is nie net vir die sterkes nie.

“Gemeente, as dit so moet wees dat mense tevrede moet wees om swak te wees en dat kinders van die HERE tevrede moet wees dat daar geen verandering en vernuwing in hulle lewens kom nie, sou die Christelike godsdiens ’n blote teorie wees.

“Daar moet vernuwing wees! Daar moet ’n gedaante verandering kom. Dit is die kern van die praktiese Christendom. Die Christen mag

homself/haarself nooit magteloos verklaar in die stryd teen die sonde nie. Die waarheid van 2 Korinthiërs 3 vers 18 moet altyd in die harte van Christene leef.

“Broers en Susters, die Christelike godsdiens is nie blote teorie nie. Nee, dit bring werklike verandering in die lewens van mense: wesenlike, heerlike verandering. Om ’n Christen te wees beteken nie om in swakheid rond te ploeter in die modder van sonde nie, maar om te oorwin en verander te word: ‘terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in ’n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.’ Hierdie teks beklemtoon die waarheid dat ons van gedaante verander moet word.

“Die Griekse woord *metamorfoumetha*, waarvan die woord metamorfose kom, gee miskien ’n beter beskrywing. Hierdie woord beskryf ’n bekende natuurverskynsel. ’n Voorbeeld is die sywurm wat ’n metamorfose ondergaan as hy homself toespinn in ’n kokon en uiteindelik as ’n pragtige mot te voorskyn kom. Dit is wat metamorfose, oftewel gedaante verwisseling, werklik beteken.

“Paulus pas hierdie beeld geestelik toe en sê dat die gelowige so ’n metamorfose of gedaante verwisseling moet ondergaan - ja ’n totale gedaante verwisseling. Met ander woorde die verandering wat daar in die Christen se lewe kom, is nie onopsigtelik of ’n onopgemerkte verandering nie. Inteendeel hierdie verandering is ’n sigbare verandering wat nie weggesteek kan word nie: ’n liefhebber van sonde, word ’n hater van sonde; die onverskillige word ’n vroom mens; die liefdelose word liefdevol; die slaaf word ’n vry mens; en die sondaar word ’n geheiligde.

“Dié verandering is so totaal sigbaar dat Paulus die woorde gebruik: ‘... van heerlikheid tot heerlikheid ...’. Ons weerspieël die heerlikheid van God. En dié heerlikheid neem steeds toe. En só is hierdie verandering inderdaad ’n skitterende verandering wat uit die mens se persoon en lewe straal.

“In vers 13 herinner Paulus sy lesers aan die voorbeeld van Moses wat op die berg Sinai in die teenwoordigheid van God só verander is, dat sy gelaatstrekke geskitter het en geblink het van die heerlikheid van God. Só ’n sigbare, skynende, heerlike verandering is daar ook vir Jesus Christus se volgelinge - ’n metamorfose van heerlikheid tot heerlikheid.

“Maar Broers en Susters, hierdie metamorfose is ’n diepgaande verandering. Dit is ’n wurm wat ’n mot moet word; en nie ’n wurm wat gekamoefleer moet word om soos ’n mot te lyk nie. Die verandering wat Jesus Christus in ’n mens se lewe bring, is nie net ’n afwit en skoonmaak van ons lewe van buite nie. Dit is nie iets wat aan ons lewens aangeplak word nie. Nee, dit is ’n werklike diepgaande verandering en vernuwing wat die gelowige belewe. Sy hart en diepste wese word verander. Sy persoonlikheid en sy geaardheid word verander. Sy ganse wese word vernuwe want in Christus Jesus is ons ’n nuwe skepsel: ‘Daarom, as iemand in Christus is, is hy ’n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.’ (2 Kor 5:17)

“Broers en Susters, ’n mens moet versigtig wees, dat jy jou nie self probeer tevrede stel met ’n oppervlakkige mensgemaakte verandering nie. Daar is mense wat ophou rook, drink, vloek, ensovoorts en dan heeltemal tevrede is dat hulle verander het.

“Die Christelike metamorfose gaan dieper as dit. Dit is die mens wat verander en omdat die mens verander, verander sy dade. Om ’n volgeling van Jesus Christus te wees, beteken daarom dat ek my inlaat vir ’n gewisse lewens- en wesensverandering. Dit kan nie gekeer word nie. Miskien kan dit deur my hardkoppigheid of ongehoorsaamheid vertraag word, maar nie gekeer word nie. Nee, God sal sy pad met my loop en uiteindelik verander die wurm tog in ’n mot. Broers en Susters, hierdie metamorfose is God se doel met sy kinders en uiteindelik sal Hy sy doel met ons bereik.

“’n Tweede waarheid wat uit ons teks kom, is dat hierdie verandering die werk is van die Heilige Gees. Die gelowige word verander ‘deur die Here wat die Gees is.’ Nêrens in die Woord van God lees ons dat die mens homself moet of kan verander nie. Hier het ons te doen met iets wat nie deur die mens vermag kan word nie. Nee, hierdie verandering is alleen moontlik deur die werk van die Heilige Gees in die mens.

“Baie Christene se frustrasie spruit juis daaruit dat hulle wil doen wat hulle nie kan doen nie en wat God ook nooit gesê het hulle moet doen nie. Hulle wil die werk van die Heilige Gees oorneem en dit kan nie. Só beland ’n mens net in ’n geloofskrisis. As jy vir jou en jou geestelike lewe iets ten doel stel wat jy onmoontlik uit jouself kan bereik, beland jy in ’n doodloopstraat.

“Nee, Broers en Susters, ’n mens moet jou eerder daarop instel om in die regte verhouding met die

Heilige Gees te leef en bid om met die Heilige Gees vervul te word. Ons moet ons lewe in die hand van die Heilige Gees stel en bid dat Hy sy Goddelike verandering in my lewe sal doen. En ons moet die Gees van God vertrou dat Hy ons kan en sal verander - op sý tyd en sý manier.

“Die vraag wat hieruit ontstaan is: moet ek dan maar net sit en wag? Het ek in hierdie saak van metamorfose dan geen aandeel, plig of verantwoordelikheid nie?

“Nee. Die Bybel antwoord hierop dat die mens hier ’n verantwoordelikheid het. Daar is voorwaardes waaraan die gelowige moet voldoen as hy verlang dat hierdie verandering in gedaante in sy lewe moet plaasvind.

“Die belangrikste voorvereiste is dat hy nie die werk van die Heilige Gees moet probeer doen nie.

“Wat die mens se eie verantwoordelikheid betref, noem ons teks drie duidelike voorwaardes: ‘... terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in ’n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander ...’

“Die eerste voorwaarde hierin is dat ons die heerlijkheid van die Here moet aanskou, want dan eers verander ’n mens van gedaante.

“Wat beteken dit? Hoe aanskou ’n mens die heerlijkheid van die HERE? In 2 Korinthiërs 3 verse 7 en 15 word ons daarop gewys dat Moses in God se heerlike teenwoordigheid op die berg Sinai gestaan het toe hy die gebooie van God ontvang het. Moses is daardeur verander en sy gelaat het blink geword van heiligheid en heerlijkheid. Broers en Susters, dit is onmoontlik om in die heerlike teenwoordigheid van God te verkeer en nie verander te word nie. As Moses, wat in die Ou Testamentiese bedeling geleef het, só verander kon word, hoeveel te meer ons wat leef in die bedeling van Jesus Christus en die Heilige Gees.

“Paulus se opdrag aan ons is dus: beoefen gemeenskap met God. Soek sy aangesig. Verkeer gereeld in sy heerlike teenwoordigheid. Staan voor sy aangesig. Klim op sy heilige berg en ontvang sy gebooie in u eie lewe. Dan sal u verander word.

“Broers en Susters, as jy vêr van die HERE af leef, moet jy nie hierdie verandering in jou lewe verwag nie. Maar as jy die heerlijkheid van die HERE aanskou, sal die Heilige Gees sy vernuwingswerk doen en jou lewe verander.

“Die tweede voorwaarde is: Paulus sê ons moet die heerlijkheid van die HERE aanskou soos in ’n spieël. Hiermee wil Paulus vir ons sê: ons kan nie meer soos Moses, God direk van aangesig tot aangesig sien nie. Maar ons het darem spieëls wat die heerlijkheid van God vir ons weerkaats en waarin ons kan kyk om sy heerlijkheid te sien. Slegs wanneer ons gereeld in hierdie spieëls kyk en die heerlijkheid van God raaksien, sal ons verander.

“Een van hierdie spieëls is die natuur daarbuite.

“Nog een is die verloop van die geskiedenis. In hierdie spieël sien ons hoedat God alles bestuur en beskik.

“Die rykste spieël van God se heerlijkheid is egter die Bybel, die Woord van God. Daarin openbaar God Homself aan ons en sien ons Hom in al sy heerlijkheid en majesteit. Hierin sien ons Hom as Skepper en ook as ons Redder in Jesus Christus. Hierin sien ons sy liefde vir die sondaar en sy groot en heerlike genade. Wie nie gereeld in hierdie spieël kyk nie, wie nie God se Woord bestudeer nie, sal en kan nie verander nie.

“Wanneer ons sy heerlijkheid in hierdie spieël aanskou het, sal ons verander van heerlijkheid tot heerlijkheid.

“Hierby voeg Paulus die derde voorwaarde: dat ons met onbedekte gesig die heerlijkheid van God moet aanskou. Dit wil sê, dat ons in God se teenwoordigheid alle skyn eenkant toe moet skuif. Ons moet hier in God se teenwoordigheid die maskers afhaal. Hier moet ons nie ons harte bedek met sluiers nie. Nee, hier moet ons van hart tot hart met God verkeer.

“Wie eerlik voor God kom staan in alle naaktheid en die ellendigheid wat sy lewe aankleef, wie die gordyn voor sy siel wegskuif hier in God se teenwoordigheid, sal verander word. Eerlikheid en openhartigheid is ’n voorwaarde vir metamorfose. Wie weier om te erken en te bely en sy foute probeer goed praat, kan nie verander word nie.

“Dit is die voorwaardes. As ons hieraan voldoen, sal die Heilige Gees die heerlike verandering ’n werklikheid in ons lewens maak. ’n Wurm word ’n pragtige mot; en die sondaar ’n geheiligde mens.

“Leef naby God en in sy heilige teenwoordigheid. Kyk in die spieël met onbedekte gesig en die metamorfose sal jou deel word.

“Amen.”